higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

MEDIESE PRAKTYK N5

(Eerste vraestel)

(9090165)

8 Oktober 2020 (X-vraestel)
09:00–11:00

Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye.

200Q1B2008

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
MEDIESE PRAKTYK N5
(Eerste vraestel)
TYD: 2 UUR
PUNTE: 100

LET WEL: Indien jy meer as die vereiste getal vrae beantwoord, sal slegs die vereiste getal nagesien word. Trek alle werk dood wat jy nie wil laat nasien nie.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae in AFDELING A.
2. Beantwoord enige DRIE vrae in AFDELING B.
3. Lees al die vrae aandagtig deur.
4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A (VERPLIGTEND)

VRAAG 1

1.1 Kies 'n term uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–L) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.1.1	Dokter wat tydelik vir die gereelde dokter waarneem	A	lumbale punktuur
1.1.2	Verwyder mikroörganismes op nie-lewende oppervlakke	B	passiewe immuniteit
1.1.3	Prosedure om serebrospinale vloeistof te kry	C	locum tenens
1.1.4	Voorkom infeksie op lewende weefsel	D	Hippolyta-eed
1.1.5	Urien geneem vir ontleding	E	midstraalmonster
1.1.6	Deur die fetus by die moeder gekry gedurende swangerskap	F	ongeskonde vel
1.1.7	Om ingeënt te word	G	Hippokratiese eed
1.1.8	Meganiese grens	H	ontsmettingsmiddels
1.1.9	Persentasie rooibloedselle in die bloed	I	hematokrit
1.1.10	Vereis dat gesondheidsbeamptes sweer om spesifieke etiese standaarde hoog te hou	J	antihistamien
		K	kunsmatige immuniteit
		L	antiseptiese middels

(10 × 2) (20)

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.2.1 'n Goeie ontsmettingsmiddel moet 'n smal bereik van antimikrobiese aktiwiteit hê.

1.2.2 Patologietoetse kan help om siektes te monitor.

1.2.3 Temperatuur moet binneaars geneem word.

1.2.4 Antibiotika maak virusse dood.

1.2.5 Analgetiese middels verdoof pyn.

1.2.6 Skedule 7-geneesmiddels is gekontroleerde stowwe.

1.2.7 Subkutane inspuitings word in 'n gewrig toegedien.

1.2.8 'n Voorskrif gee magtiging aan 'n pasiënt om medisyne by 'n apteker te koop.

1.2.9 Diagnostiese radiologie is die behandeling van siektes met bestraling.

1.2.10 Cholesistografie verwys na 'n e-straalondersoek van die galblaas.

(10 × 2) (20)
[40]

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B

Beantwoord enige DRIE vrae in hierdie afdeling.

VRAAG 2

2.1 Noem DRIE soorte naalde wat by wondhegting gebruik word. (3)

2.2 Gee VIER gebruike van hidrogeenperoksied as 'n ontsmettingsmiddel. (4)

2.3 Verduidelik die venipunktuurprosedure. (8)

2.4 Waarom moet mediese rekords gehou word? (5)
[20]

VRAAG 3

3.1 Noem DRIE redes waarom x-strale gebruik word. (3)

3.2 Noem VIER klasse teenliggaampies. (4)

3.3 Verduidelik, met voorbeelde, hoe die kleur van urien 'n nuttige aanduider van gesondheid en welstand kan wees. (8)

3.4 Wat is die kenmerke van 'n gesonde dokter-pasiëntverhouding? (5)
[20]

VRAAG 4

4.1 Noem SEWE besonderhede wat op 'n geldige mediese sertifikaat vereis word (7)

4.2 Hoe kan jy iemand help wat sy bewussyn verloor het? (8)

4.3 Beveel maniere aan hoe 'n mediese praktyk die veiligheid van vertroulike pasiëntinligting kan verseker. (5)
[20]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 5

5.1 Noem DRIE soorte monsters wat van die liggaam geneem kan word vir patologiese toetse. (3)

5.2 Noem VIER instrumente of materiaal wat vir klein prosedures gebruik word. (4)

5.3 Verduidelik hoe om 'n baba in 'n noodsituasie te verlos. (8)

5.4 Watter inligting moet 'n dokter aan 'n pasiënt gee om geldige ingeligte toestemming vir behandeling te kry? (5)

[20]

TOTAAL AFDELING B: 60
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou